

20 Januarie 2014

Skrifgedeelte: Matteus 26:26-30; Levitikus 17:10-12 (1953)
Fokusgedeelte: Matteus 26:28; Levitikus 17:11

God het bloed gegee om vir jou lewe versoening te doen

Wanneer jy aan die Nagmaalstafel die wyn as sigbare teken gaan drink, wil Jesus jou gedagtes rig deur die woorde wat Hy aan jou laat bedien: “Neem, drink almal daaruit, gedenk en glo dat die bloed van ons Here Jesus Christus gestort is tot ’n volkome versoening vir al jou sondes.”

Die woord *bloed* het groot betekenis vir jou nadenke terwyl jy die teken van wyn gebruik. God het ’n is-gelyk-aan-teken tussen bloed en lewe geplaas, en daarom was daar ’n streng verbod op die eet van bloed. “Want die siel van die vlees is in die bloed” (Lev. 17:11). Met siel word eenvoudig net die lewe van iets bedoel. Daarom moes die Ou-Testamentiese gelowige nie vleis met sy lewe in eet nie. Hulle moes die bloed van die geslagte dier laat uitloop en dit met grond toemaak. Hulle moes die bloed as’t ware begrawe. God het bloed in Israel se erediens op die altaar gegee om vir hulle siele versoening te doen. In die plek van die lewe van die gelowige is die bloed van die offerdier uitgegiet as teken van versoening tussen God en die sondaar. God wil sonde nie ongestraf laat nie, maar eis die sondaar se lewe op. In sy liefdevolle goedheid gee Hy bloed of ’n lewe in die plek van die sondaar.

Al die baie BLOED in die Ou Testament het na die koms van Jesus Christus heengewys. Jy is ’n Nuwe-Testamentiese gelowige en in ons erediens vloei daar nie meer bloed nie. Tog word jy aan die Nagmaal herinner dat BLOED ook ’n belangrike rol gespeel het in jou versoening. GOD HET DIE BLOED VAN JESUS CHRISTUS GEGEE OM VIR JOU LEWE VERSOENING TE DOEN. Sy bloed beteken dat Hy Homself in jou plek aan die kruis as offer gegee het. Jou skuld is betaal toe Hy vir jou gely, gesterf en begrawe is. Jou gelowige gebruik van die wyn aan die Nagmaal verseker jou dat jy met God versoen is en dat jy as ’n kind van God mag lewe.

Sing: Psalm 103:2

Ds. DJ (Daan) Bakker (Boksburg)